SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Hebreërs 11:1

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Geloof- waardig

Ons gebruik die woord "waardig" gewoonlik vir iets wat respek verdien; iets wat eg is, gewig dra, en nie goedkoop of oppervlakkig is nie. Daarom is dit goed om vir 'n oomblik by hierdie vraag stil te staan: Wat maak geloof geloof-waardig?

Geloof is nie maar net positiewe denke, 'n godsdienstige gewoonte, of 'n vae hoop dat dinge sal uitwerk nie. Geloof is om jou hart en lewe aan God toe te vertrou. Dit is om, soos Hebreërs 11:1 sê, met sekerheid te leef uit dit wat ons hoop, en met oortuiging vas te hou aan dit wat ons nie met ons oë kan sien nie. Geloof kyk verder as die oomblik. Dit sien dieper as net vandag se vrese, vrae en swaarkry.

Die vraag vir baie mense en gelowiges is: Wanneer is geloof waardig?
Geloof is waardig wanneer dit nie op myself rus nie, maar op God. Nie op my gevoel nie, maar op Sy trou. Nie op my prestasie nie, maar op Sy genade. Dít gee aan geloof sy waarde – nie dat ek so sterk glo nie, maar dat die Een in Wie ek glo, waardig en betroubaar is. Daarom is geloof nie 'n prestasie nie, maar 'n antwoord – op God se Woord, God se beloftes en God se teenwoordigheid.
Daarin lê die waarde van geloof vir die mens. Geloof gee rigting wanneer ons verward is. Geloof gee troos wanneer ons swaarkry. Geloof gee moed wanneer die wêreld onseker voel. Geloof herinner ons dat ons lewe nie toevallig of betekenisloos is nie, maar vasgehou word in die hand van God. So word geloof iets waaruit ons leef.

Die waarde van ons geloof lê daarin dat geloof ons verbind aan Christus – die Lewende Here – en ons leer om met hoop, vertroue en gehoorsaamheid te leef. Geloof wat in God geanker is, is nie net kosbaar nie – dit is werklik **Geloof-Waardig.**

André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Alles In Geloof

### Om in die donker te sien

2 Korintiërs 5:7 – "Want ons leef deur geloof, nie deur sien nie."

Ons dink en sê maklik: *"sien is beter as glo".* As ek kan sien, voel dit vir my seker. As ek kan bewys, voel dit vir my veilig. Maar glo is altyd nie afhanklik van sien nie. Dit is so met nuwe uitvindsels en idees – 'n gedagte wat ontwikkel en lei tot 'n oortuiging, en dit is daardie oortuiging wat ander inspireer en aanspreek, om hulle eindelik te laat glo in die visie en om die moontlikhede te help sien.

Die Evangelie leer ons: die diepste dinge in die lewe word nie altyd eerste met die oog gesien nie, maar met geloof ontvang. Daarom is Sören Kierkegaard se woorde so treffend: *"Faith sees best in the dark."* Geloof is nie blindheid nie; dit is juis die gawe om raak te sien wanneer dit donker is. Dit is om te glo dat God steeds teenwoordig is wanneer die pad onseker voel. Dit is om te vertrou dat Christus regeer, ook wanneer ons nie alles verstaan nie. Geloof is om vas te hou wanneer ons oë min sien, maar die Woord nog steeds in ons praat, werk en oortuig.

Om te groei in geloof is om God al hoe meer te vertrou. Dit geld in voorspoed en teenspoed, in seën én onsekerheid. Dit is om te rus in Sy liefde, Sy wil te soek, Sy vrede te aanvaar, en Hom getrou te dien. Geloof groei deur gebed, gemeenskap en gesonde geestelike gewoontes.

Ná Paasfees word ons weer genooi om alles in geloof aan te pak: nie met sekerheid oor alles nie, maar met vertroue – met geloof – in God. Kom ons waag dit hierdie maand om die Here opnuut te sien en te vertrou – met Hemelvaart en Pinkster – in ons huise, werk, besluite en gemeentelewe.

Kom wees deel van die gemeente se eredienste en aktiwiteite. Kom luister weer saam na die Woord, bely saam, bid saam en groei saam.

André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


PIEKNIEK

TOTSIENS

PAASDIENS

KUIER OP DIE PLAAS

10 OF LIFE'S BIGGEST LESSONS INSIDE A BEEHIVE

STIL VERTROUE

KONTAK ONS


# Familie Piekniek



**Piekniek en kuier**
**16 Mei vanaf 10 uur**

Jy word uitgenooi na ons jaarlikse Familie piekniek.

Kom kuier, lag, speel en eet saam!

Pak vir julle 'n heerlike piekniek mandjie en kom kuier saam!

War Memorial Park, Coventry (CV3 6PT)

Ons kry mekaar naby die 'visitor centre'.

Parkering: Kenilworth Road, (Park and Ride).

Eerste 3 ure gratis

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Ons groet....

Liewe Vriende,

"Ons wil opreg dankie sê aan almal wat ons so getrou bygestaan het tydens ons tyd in Engeland; julle ondersteuning het vir ons baie beteken.

Weens my voortslepende gesondheidsprobleme en die feit dat die Engeland-lewe nie vir ons gesin uitgewerk het nie, het ons besluit om terug te keer na die sonnige Suid-Afrika vir 'n nuwe begin.

Alles het ongelooflik vinnig in plek geval nadat PJ 'n uitstekende werksaanbod met volledige voordele ontvang het, wat vir ons 'n ware antwoord op gebed en 'n uitkoms op die regte tyd was. Nie net is dit 'n goeie pos nie, dis in die regte omgewing vir my gesondheid, in Oudshoorn in die droë Karoo. My pa verhuis ook soontoe, wat beteken ons sal as familie weer bymekaar wees om mekaar te ondersteun. Ons vlieg terug op die 25ste Mei. Ons dank die Here vir Sy oorvloedige voorsiening in al ons behoeftes." -



Liefde die van Ginkel's





Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!
Jeremia 29:11

Ons bid dat die Here julle pad vorentoe sal seën en dat Sy goedheid met elke stap sal wees.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Paasdiens




















(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MEI 2026

# Paasdiens

























SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Klets en Koffie- Plaas kuier





















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Klets en Koffie- Plaas kuier






















# Klets en Koffie- Plaas kuier





picnic










SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# 10 of life's biggest lessons inside a beehive

1. The work nobody sees is the work that matters most
The bees don't perform for an audience. They just work. The quiet, unseen effort produces everything.

2. Patience isn't passive — it's the job
Honey doesn't happen overnight. Neither does a great marriage, a thriving business, or a deep faith.

3. You can't rush the harvest
Pull the comb too early and it's not ready. Some things need more time than you want to give them.

4. Protect what you're building
Bees will die defending the hive. Know what's worth protecting and guard it like everything depends on it.

5. Community either thrives together or dies together
No bee survives alone. The people around you will either build you up or drain you dry.

6. Small, consistent effort compounds into something golden
One bee produces a fraction of a teaspoon in its lifetime. Together? Hundreds of pounds. Never underestimate daily consistency.

7. The sweetest results come from the hardest seasons
The hive works hardest in the heat. Your most uncomfortable seasons are producing something you can't see yet.

8. Know when to collect and when to keep building
Not every season is a harvest season. Wisdom is knowing the difference.

9. What you tend to daily is what grows
Neglect the hive and it collapses. Neglect your faith, your marriage, your health — same result.

10. The harvest never lies — it only reflects what you put in.
Whatever is showing up in your life right now is a direct reflection of what you've been planting. The good news? You can start planting differently today.

It reminded me that some of life's biggest lessons are hidden in the smallest and most unexpected things. 🤍

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MEI 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Stil vertroue

Elke oggend, nog voor die son behoorlik oor die berge geklim het, het Ouma Sara op haar klein stoepie gesit. Sy het altyd dieselfde gedoen.
Sy het haar Bybel oopgemaak, haar hande gevou en hardop gebid.
Nie sag nie. Hardop.
Die bure kon haar hoor.
“Here,” het sy elke oggend gesê, “dankie vir vandag. U sorg altyd vir my.”
Langs haar huis het ’n man gewoon met die naam Pieter. Pieter het nie in God geglo nie. Elke keer as hy Ouma Sara hoor bid het, het hy sy kop geskud.
“Daardie ou vrou praat met die lug,” het hy vir sy vriende gesê.
Maar Ouma Sara het aangehou bid.
Een maand het dinge vir haar moeilik geraak. Haar pensioen was min en haar koskas het begin leeg raak. Op ’n oggend het sy weer op die stoep gaan sit.
Sy het haar hande gevou en gebid: “Here, U weet ek het nie meer kos nie. Maar ek vertrou U. U sal voorsien.”
Pieter het by sy venster geluister.
’n Gedagte het by hom opgekom. Hy het gelag.
“Nou gaan ek daardie ouma wys dat haar God haar nie help nie,” het hy vir homself gesê.
Hy het na die winkel gegaan en ’n groot sak kos gekoop — brood, melk, vrugte, rys, blikkieskos.
Daardie aand het hy die sak stilletjies by Ouma Sara se voordeur gesit en vinnig agter die heining weggekruip.
’n Rukkie later het Ouma Sara die deur oopgemaak. Toe sy die kos sien, het sy haar hande opgelig en uitgeroep: “O, dankie Here! Ek het geweet U sal voorsien!”
Pieter kon dit nie meer hou nie. Hy het uit sy skuilplek gespring en hard gelag.
“Ha! Ouma, jou God het nie vir jou kos gebring nie. Ék het! Ek het dit gekoop!”
Ouma Sara het na hom gekyk.
Vir ’n oomblik het sy niks gesê nie. Toe begin sy glimlag.
Sy het weer haar hande gevou en gesê:
“Here, dankie dat U my kos gestuur het…en dankie dat U selfs die duiwel gebruik het om dit af te lewer.”
Pieter het stil geword. Hy het nie geweet wat om te sê nie.
Vir die eerste keer in baie jare het hy nie gelag toe hy iemand hoor bid nie.
En die volgende oggend, toe Ouma Sara weer op die stoep bid, het Pieter by sy venster gestaan… en stil geluister.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

3 MEI EREDIENS 10 UUR

10 MEI HUISKERK 9 UUR

17 MEI EREDIENS 10 UUR

24 MEI HUISKERK 9 UUR

## Kept by God's Grace

Think of all the miracles
that had to happen
just so that you could
still be here today.

An 865 000 mile ball
of blazing light chose
your window
to wake you up.

You took 20 000 breaths
that travelled in one by one,
found your lungs, traded it
for CO2 and exhaled the
waste, thanks to plants,
trees and ocean life.

Your heart gave 100 000
reasons to believe that your
purpose here is not yet over.

God loves you.

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**


Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena




Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com